NAMIBlë (uit Kaapstad)

10 tot 21 Mei 2021

Kom saam op hierdie manjifieke 12-dag toer deur die mistieke Namibië, die land van ‘n duisend gesigte

DAG 1:

Ons gerieflike, doelgeskikte bus vir Namibiese toestande, vertrek vroeg-vroeg vanaf ***N1 Stad*** *in* **Kaapstad** en volg ‘n opklimroete oor **Malmesbury, Piketberg, Clanwilliam en van Rhynsdorp met Springbok** as ons eerste oornagplek.

DAG 2:

Ons verlaat **Springbok** met grenspos **Vioolsdrif/Noordoewer** as volgende stop. Ná afhandeling van die grensformaliteite, ry ons na die warmwaterbron by **Ai-Ais**, waar ons heerlik gaan ontspan en vanaand oorbly. Swem is ook moontlik in die oop- óf onder-dak swembaddens.

DAG 3:

Ná ‘n heerlike ontbyt, vertrek ons en gaan besoek eers die indrukwekkende **Visrivier Canyon**. Dan gaan maak ons keel nat by die koddige **Canyon Roadhouse**, voordat ons, via die **Nautedam** in **Keetmanshoop** aankom**,** ons oornagverblyf vir vandag. Gedurende die middag, gaan ons na twee van die vele wondere van hierdie interessante land kyk – die onverklaarbare **Reuse se Speelgrond** en die rare **Kokerboomwoud,** slegs ‘n klein entjie vanaf Keetmanshoop.

DAG 4:

Ons vertrek ná ontbyt en ry tot by **Aus**, waar ons ‘n vroeë middagete kan geniet. Dan ry ons verder deur die oudste woestyn ter wêreld, die **Namibwoestyn** met sy **wilde woestynperde**, na die eg Duitse dorpie **Lüderitz.** Ons bring eers ‘n besoek aan die eensame **Dias Kruis** by **Angra Pequena** en arriveer dan by ons luukse verblyf, die **Nest Hotel.**

DAG 5:

Vanoggend is daar ‘n begeleide toer van die historiese nostalgiese diamantmyn **“spookdorp” Kolmanskop**, voordat ons ooswaarts vertrek. Teen middagete behoort ons op **Helmeringhausen** te wees en later middag arriveer ons by die **Maltahöhe Hotel,** op die plattelandse dorpie **Maltahöhe.**

DAG 6:

Ons vertrek ná ontbyt en volg ‘n pragtige roete deur die **Zarispas** na **Sesriem** en die duine van **Sossusvlei –** die hoogste duine ter wêreld, waar **opsionele** 4X4 ritte tot binne-in die vlei beskikbaar is, teen ‘n tarief van ongeveer **R 200 per persoon**. Dan ry ons verder tot by die eensame **Solitaire -** ons volgende oornagplek.

DAG 7:

Vanoggend vertrek ons noordwaarts. Die roete is asemrowend en gaan deur twee pragtige erosie valleie - die **Gaub** en die **Kuiseb, -** en teen middagete tyd kom ons in **Swakopmund** aan. Vanmiddag gaan ons die baie interessante woestyn met sy **Welwitchias** en **Maanlandskap** verken**.** Daarna vertrek ons na **Walvisbaai,** waar ons vir die volgende twee aande in een van die gerieflike hotelle tuisgaan.

DAG 8:

Vanoggend, ná ontbyt, is daar ‘n baie **opwindende bootrit** oor die wydte van die baai in **Walvisbaai**. Baie **seelewe** is op hierdie bootrit te sien en daar is ook **heerlike versnaperinge** insluitend oesters). Hierdie is ‘n **opsionele** ekskursie met ‘n koste van **ongeveer R600.00.** Diegene wat verkies om nie die bootrit mee te maak nie, het die oggend vry om te ontspan by die hotel. Gedurende die middag gaan ons die fiksheid toets by die berugte **DUIN 7** en vanaand is daar ‘n smullekker aandete in ‘n **egte Duitse restaurant** in **Swakopmund.**

DAG 9:

Ons verlaat **Walvisbaai** ná ontbyt en ry oor **Usakos, Karibib, Omaruru, en Otjiwarongo** en, indien die tyd dit toelaat, verpoos ons ‘n rukkie by die eienaardige **Otjikotomeer** naby **Tsumeb**. Dan gaan ons die **Etosha Nasionale Park** by die **von Lindequist hek** binne en vir die volgende twee salige nagte is ons akkommodasie in die park en kan ons baie interessante ure by die verligte watergate in die verskeie kampe spandeer.

DAG 10:

‘n Heerlike dag van ontspanning en wildbesigtiging, terwyl ons die pad vind na een van die ander kampe in die park.

DAG 11:

Vandag verlaat ons **Etosha** en ry, via **Outjo en Otjiwarongo** na die biltong hoofstad **Okahandja** en dan verder na die regte hoofstad **Windhoek.** Ná ‘n kort stadstoer vertrek ons na ons oornag hotel. Gedurende die middag kan daar **GRATIS** met pendel voertuie van die hotel na en van die besigheids gedeelte van Windhoek gegaan word

DAG 12

Té gou het die besoek aan hierdie wonderlike land verbygegaan. Ná ontbyt vertrek ons na die **Hosea Kutako Internasionale Lughawe,** vir ons vlug in die gerief van ‘n luukse straler terug na **Kaapstad.** Al wat oorbly is om te sê:

AUF WEDERSEHEN!!!.-

SIEN BLADSY 3 VIR TARIEWE EN ANDER BELANGRIKE INLIGTING

TOER TARIEF:

R22 950.00 per persoon wat deel

Indien enkel akkommodasie verkies word, is daar 'n Enkelbybetaling van R3 500.00

PASPOORT:

'n Geldige paspoort is vir hierdie toer noodsaaklik

INGESLUIT:

- ☺ Doelgeskikte busvervoer vir Namibië toestande
- ☺ Baie goeie gehalte en suite akkommodasie
- ☺ 2 heerlike etes per dag
- ☺ Reisversekering terwyl op die bus
- ☺ Toepaslike toegangsfooie:
  a) Toegangsfooi na Ai-Ais warmwaterbron
  b) Toegangsfooi na Reuse se Speelgrond
  c) Toegangsfooi na Kokerboomwoud
  d) Begeleide toer deur Kolmanskop
  e) Toegangsfooi na Sossusvlei en Sesriem
  f) Toegangsfooie na Etosha (2 Dae)
  g) Toegangsfooi na Otjikotomeer
- ☺ Portierfooitjies.
- ☺ Enkelvlug vanaf Windhoek na Kaapstad.
- ☺ Kundige toerleier

UITGESLUIT:

- ☹ Ontbyt op Dag 1
- ☹ Middagetes
- ☹ Paspoortkoste.
- ☹ Versekering:
  a) Reisversekering (word sterk aanbeveel)
  b) Mediese versekering
  c) Alle risiko versekering
- ☹ Opsionele aktiwiteite:
  a) 4 X 4 rit in die vlei in by Sossusvlei
  b) Bootrit by Walvisbaai
  c) Enige ander opsionele aktiwiteit nie op die reisplan aangedui.
- ☹ Eie uitgawes, verversings en drankies

BESPREEK BY:

DANIE, LENTE & IZETTE:
(011)-955-3138
082-851-6215

SAVANNA TOERE behou die reg voor om geringe veranderings aan hierdie reisplan aan te bring sonder vooraf kennisgewing en na gelang van omstandighede en weerstoestande.